Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, May 05, 2019
Page: 5

# Maak siektepolis deel van aftreebeplanning

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek het nogal in die afgelope week gedink aan Steve Hofmeyr en MultiChoice se besluit om hom persona non grata te verklaar toe ek besluit het om oor siektepolisse te skryf.

As daar 'n polis was wat jou kon beskerm teen jou eie skoorsoekery, sou hy kon doen daarmee. Dit lyk mos vir my, as ek reg lees in die koerante, of die ou gevaar loop om soos sy Blou Bul van die vloer af te moet vreet.

Maar daar is nie so 'n polis nie. En soos my ou rugbypêl altyd gesê het, elke ou is mos geregtig op sy eie beseringstyd. Hy het sy keuse gemaak, dis sy reg. MultiChoice (nogal 'n gepaste naam in dié geval) het sy keuse gemaak en dis ook sy reg.

Dit is ook ons elkeen se reg, net soos wat ons Woensdag gaan doen deur te stem, of nie te stem nie, om te besluit hoeveel aandag ons aan ons eie finansiële beplanning gee. Dit is 'n keuse wat ons maak. Die gevolge daarvan gaan ons dra.

Soos my vriend langs die vleisbraaivuur op Werkersdag gesê het: Skryf tog iets oor gevreesde-siektedekking, asseblief.

Hy is nie 'n makelaar-tipe nie, hy is 'n prokureur. Maar hy was 'n dag of wat tevore by sy dokter en dié noem toe aan hom dat sy wens sy het meer dekking teen gevreesde siektes gehad. Leukemie is pas by haar gediagnoseer.

Dit is nou te laat. Maar die boodskap wat hy ná sy gesprek met haar deur my wil oordra, is dat ons almal bestem is om kanker te kry, tensy iets anders ons natuurlik vroeër wegvat.

Ek ag gevreesde-siektedekking as uiters belangrik as deel van jou finansiële risikoplan, belangriker in baie opsigte as lewensdekking. Maar dit is 'n keuse wat net jy kan maak.

Ek beveel gewoonlik gevreesde-siektedekking aan vir mense vir wie ek aftreebeplanning doen, nie om 'n polis te kan verkoop nie, maar omdat ek gesien het wat so 'n siekte, 'n ernstige hartaanval, hartomleiding, beroerte of kanker aan mense en gesinne se finansies kan doen.

Dis maar die vier sogenaamde groot siektes. Daar is talle ander waarvoor jy ook gedek word, soos Alzheimer se siekte, 'n uitmergelende jare lange en duur siekte wat almal in jou familie saam met jou dra. En soos wat jy ouer word, raak jou kans groter om ernstige siektes op te doen.

Ek het uit ervaring in ons praktyk die positiewe gevolge gesien van mense wat dekking het en die nadelige gevolge van dié wat nie wou luister nie. Daarom dat ek so sterk voel daaroor.

Dit is veral belangrik vir mense wat 'n eie saak bedryf.

Baie is maar geneig om te redeneer dat "ek werk vir myself en ek sal aanhou werk, ek gaan nie aftree nie, en as ek dan moet, sal ek my saak verkoop vir aftreegeld".

Ek het nou die dag iemand ontmoet wat so 'n argument volg met sy aftrede, maar hy het vinnig bygevoeg dat hy baie goed verseker is teen gevreesde siektes (en ongeskiktheid).

Dit is nou nie die beste plan wat ek al gesien het nie, maar ten minste besef hy die finansiële risiko van siekte en hy het dekking gekry om voorsiening te maak daarvoor.

Jou makelaar kan jou help om te bepaal hoeveel.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.